SELFDOEN

Goggas en gruwels

Deon Bergh skryf: Ek is besig om my eerste huis te koop en verstaan dat die vorige eienaar van die huis my 'n kewersertifikaat moet gee. Nou het een van my kollegas 'n nare ondervinding gehad: drie maande nadat hy 'n sertifikaat ontvang het wat sy huis kewervry verklaar, het hy ontdek die houtvloere onder die matte in sy huis is deurtrek van die kewers. Dit het hom duisende rande gekos om daarvan ontslae te raak. Hoe kon dit gebeur, en hoe maak ek seker dit gebeur nie met my nie?

Mark Enslin, voorsitter van die Suid-Afrikaanse Plaagbeheervereniging (SAPCA), antwoord: Ons ontvang al te dikwels klagtes van huiskopers wat *Anobium punctatum* (die gewone meubelkewer) in hulle vloere ontdek, en wanneer hulle hulle op die sogenaamde "kewersertifikaat" wil beroep, word hulle verwar deur tegniese terme soos "aanmeldbare kewer".

Vroeër jare het die departement van plant- en saadbeheer die voorkoms van houtvernietigende insekte volgens risiko gekategoriseer. In Kategorie A was byvoorbeeld *Hylotrupes bajulus* (Italiaanse kewer), *Oxypleuris nodieri* (bruin huisboorder) en *Cryptotermes brevis* (poeierpaal-termiet); waar dié kewers in konstruksiehout gevind is, moes dit aangemeld word sodat daar op die voorgeskrywe wyse teen die infestering opgetree kon word. Ongelukkig is met verloop van tyd aanvaar dat slegs insekte in Kategorie A "aanmeldbaar" is, en dié Kategorie B en C, soos die gewone meubelkewer, buite rekening gelaat kan word.

Sedert 1978 bepaal SAPCA die riglyne en standaarde vir die eiendomsinspeksiebedryf en magtig ons voornemende inspekteurs. Nadat SAPCA jare lank probeer het om eiendomsagente te oortuig om die standaardklousule in koopkontrakte volgens ons aanbevelings te wysig – sonder sukses – vind talle kopers steeds uit dat die standaard-kewersertifikaat geen waarborg teen alle kewers is nie. SAPCA se definisie sluit alle houtvernietigende kewers en insekte in.

Die enigste manier waarop huiskopers dus kewerprobleme kan vermy, is deur daarop aan te dring dat SAPCA se omvattende kewerklousule by die koopkontrak ingesluit word. Dit is jou reg. Die klousule dek nie net "alle houtvernietigende kewers" nie, maar sal ook sorg dat die inspeksie deur 'n bevoegde en paslik gekwalifiseerde persoon wat by die vereniging geregistreer is, uitgevoer word. Die inspekteur sal 'n amptelike SAPCA-sertifikaat, waartoe net gekwalifiseerde lede toegang het, uitreik as waarborg en vir die gemoedsrus van kliënte. Vir 'n lys gekwalifiseerde inspekteurs wat by SAPCA geregistreer is, skakel 086 111 4556 of besoek www.sapca.org.za.